

## **Kruispad e-tydskrif Mei 2020: Wag op die Here!**

In die Apostoliese Geloofsbelydenis bely ons, ons geloof in Jesus Christus – sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, opstanding en uiteindelik sy Hemelvaart.

Die 21ste Mei is Hemelvaartsdag en tien dae later, die 31ste Mei is dit Pinksterdag. Hierdie twee dae is onderskeidelik 40 en 50 dae na Paasfees.

Ons lees in Handeling 1:4-5 hoe Jesus sy dissipels beveel om te wag op die gawe wat die Vader belowe het. Hy verseker sy dissipels dat hulle binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop sal word. Vandag wag ons op die tweede koms van die Here Jesus Christus. Die Bybel leer ons baie duidelik dat ons te alle tye gereed moet wees vir Jesus se koms, want sê 1 Tessalonisense 5:2 *“Julle weet self maar alte goed dat die dag van die Here onverwags kom soos 'n dief in die nag.”*

[Hierdie maand](#) het *Kruispad* sommer vir jou agt artikels! Ons kyk na die twee belangrike dae in Mei en na wat die Here van ons verwag terwyl ons wag. Dit is regtig nie 'n tyd van stilsit en kyk hoe die tyd verbygaan nie. Ons moet werk! Ons is in diens van die Here; ons moet sy opdragte uitvoer. Dit sluit in om ander te vertel van dit wat ons bely. Ons kan gelukkig weet dat ons nooit alleen is nie, ons kan enige tyd die Here om hulp roep. Ons het die Heilige Gees ontvang om ons te help.

*“Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom”* (1 Tessalonisense 5:23).

### **Insig: Die vernedering en verhoging van Jesus Christus**

Die kruisiging van Jesus is belangrik, maar [lees hier](#) hoekom dit wat daarop volg, die opstanding, hemelvaart, en die wederkoms, werklik ons geloof onderstreep.

### **Nuwe Testament: Jesus het gegaan om vir ons plek gereed te maak**

Deur Johannes 14 leer ons dat daar net twee plekke is waar mense kan woon: óf buite Christus in sonde, óf in Christus en sy regverdigheid by die Vader. [Lees hier](#) hoe Jesus vir ons plek maak.

### **Insig: Die Hemelvaart bring vir ons duidelikheid**

Met die Hemelvaart neem God alle misverstande oor Hom en sy kerk weg. Handeling 1 wys ons drie misverstande wat die Hemelvaart regstel. [Lees die artikel hier](#).

### **Nuwe Testament: Die verskynings van Christus**

In die 40 dae tussen die opstanding en die Hemelvaart lees ons dat Jesus Christus aan baie mense verskyn het. [Lees hier daarvan](#).

### **Ou Testament: Ons wag in blydskap op die Erekening!**

Het jy geweet dat Psalm 24 as die Hemelvaartpsalm bekend staan? [Lees hier](#) wat ons uit hierdie Psalm van Dawid kan leer.

### **Pinkster: Die fees van die Gees**

*Kruispad* kyk na wat ons kan leer uit die ooreenkomste tussen die Oesfees in die Ou Testament en die Pinksterfees in die Nuwe Testament. [Lees die artikel hier](#).

[Kry hier](#) al die artikels oor die Heilige Gees.

### **Insig: Wag en die doel van wag**

In Handeling 1 lees ons van die tyd tussen Jesus se opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees. Net soos Jesus vir die dissipels sê om te wag, moet ons ook leer hoe om te wag. [Lees hier](#).

### **Teksverse: 10 Teksverse oor wag**

As gelowiges wag ons op die wederkoms wanneer Jesus ons kom haal. [Lees hier](#) 10 teksverse in die Bybel wat oor “wag” praat. Gaan jou Bybel na en soek al die verse oor wag op!